

**GRAAD 8 – KWARTAAL 1**

<b>Weke</b>	<b>Luister en Praat</b>	<b>Lees en Kyk</b>	<b>Skryf en Aanbied</b>	<b>Taalstrukture en Konvensies</b>
<p>Gestandaardiseerde grondslagassesseringstoets en oriëntering gedurende die eerste drie dae van die termyn – Dag 1 tot 3. Die data word aangeteken sodat leerders se bevoegdhede en leergapings geïdentifiseer kan word. Die inligting moet gebruik word om die daaropvolgende leer- en onderrigaktiwiteite te bepaal.</p>				
<p><b>Week 1–2</b></p>	<p><b>Luister-en-praat-strategieë oor visuele of multimediateks</b></p> <p><b>Bestudeer strooibiljette</b> Organiseer sinstrukture samehangend. Identifiseer korrekte woordeskat en taalstrukture. <b>Reageer op teks</b> Effektiewe inleiding en slot. <b>Klasbespreking (onderwyser lei)</b> gebaseer op strooibiljette Kenmerke van die teks. Konvensies en struktuur van die teks. Taalgebruik. Register en styl.</p>	<p><b>Lees strooibiljette</b> 'n Dokument wat inligting opsommend en kernagtig weergee. Dit word meestal as 'n gevoude pamflet versprei. <b>Volg die leesproses</b> <b>Prelees</b> Lei teks in. <b>Gedurende lees</b> Kenmerke van die teks. <b>Postlees</b> Beantwoord vrae, vergelyk, kontrasteer, evalueer. <b>Leesstrategieë</b> Vluglees, soeklees, feite en menings, hoof- en ondersteunende gedagtes, afleidings en gevolgtrekkings</p>	<p><b>Transaksionele tekste</b> <b>Skryf/ontwerp 'n strooibiljet</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kenmerke van die teks</li> <li>• Gepaste taalgebruik.</li> <li>• Register en styl.</li> <li>• Inleiding en afsluiting.</li> </ul> <p><b>Skryf/ontwerp 'n strooibiljet</b> gebaseer op 'n visuele stimulus. Fokus op die skryfproses.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beplanning</li> <li>• Konsep</li> <li>• Hersiening</li> <li>• Redigering</li> <li>• Proeflees en aanbieding</li> </ul>	<p><b>Vaslegging van taalstrukture en konvensies wat in vorige grade gedek is</b></p> <p><b>Woordvlakwerk</b> tussenwerpsels en uitroepe</p> <p><b>Sinsvlakwerk</b> enkelvoudige sinne, teenwoordige tyd, verlede tyd, byvoeglike naamwoorde, bywoorde, partydigheid; vooroordeel; stereotipering</p> <p><b>Betekenisleer en woordeskatuitbreiding</b> idiomatiese taalgebruik/ spreekwoorde; kontekstuele; letterlike (denotasie); en figuurlike (konnotasie) betekenis van woorde</p> <p><b>Lees- en skryftekens</b> komma; punt; aanhalingstekens; uitroepstekens; afkappingstekens; skuinsstreep; ellips</p> <p><b>Woordeskat binne konteks remediërende taalonderrig, na aanleiding van taalfoute tydens skryfaktiwiteite</b></p>